# ProAgri

tegnologie vir die boer
technology for the farmer

No / Nr 312
ISSN 1042 - 1558

Gratis / Free

## Hoogtepunte van Balfour en Ermelo Hooidag 2026

## Massey Ferguson stel splinternuwe 5M-trekkerreeks bekend



VALTRAC
TRACTORS • IMPLEMENTS • SERVICE • PARTS

## Valtra Q-reeks is hier: Finse krag en tegnologie

# gebou vir SA Boere

www.agri4all.com
www.proagri.co.za


FENDT
700 VARIO
GEN 7
STEL 'N NUWE MAATSTAF
IN DIE 200-300 PK KLAS
TRACTOR OF THE YEAR
TOTY
Winner
2025
Opgradeer van Alledaags
na Uitsonderlik!
Krag tot
303hp / 223 kW
Brandstofbesparing tot
15%
met traplose
VarioDrive-transmissie
Ontsluit as standaard:
Veranderlike Tempo
Seksiebeheer
CenterPoint
ISO Bus
Outo-koplanddraaie
FENDT
5 JAAR
5000 URE
WAARBORG



# Beste ProAgri-lesers,

Februarie bring vanjaar nie net die ritme van 'n nuwe seisoen nie, maar ook 'n swaar realiteit waarmee ons landboubedryf tans gekonfronteer word. Bek-en-klouseer is in die kollig, en die impak daarvan strek veel verder as net die plase waar uitbrekings aangemeld word. Dit raak boere se inkomste, veilings, uitvoermarkte, logistiek, en uiteindelik ook die ekonomie van ons land.

Vir baie veeboere beteken dit onsekerheid ... oor bewegingsbeperkings, oor marktoegang, oor die toekoms van kuddes wat oor jare heen opgebou is. Vir ander rolspelers in die waardeketting beteken dit vertraging, finansiële druk en moeilike besluite. As landbougemeenskap verstaan ons dat 'n siekte soos hierdie nie net 'n veeartsenykwessie is nie, dit is 'n nasionale saak wat verantwoordelikheid, dissipline en samewerking van almal vereis.

Ons by ProAgri dink in hierdie tyd spesifiek aan elke boer en elke gesin wat direk geraak word. Ons weet hoeveel toewyding, opofferings en harde werk in elke dier, elke hektaar en elke besigheid lê. Mag ons in hierdie uitdagende tyd mekaar ondersteun, inligting verantwoordelik deel, en saamstaan om die bedryf te beskerm wat ons almal voed.

Te midde van hierdie uitdagings was dit egter bemoedigend om te sien hoe sterk die jaar afgeskop het. Die Balfour en Ermelo Hooidag het weereens bewys dat Suid-Afrikaanse boere nie terugstaan vir innovasie en vooruitgang nie. In die veld by hierdie Hooidae kon boere die voorste hooitoerusting en landboumasjinerie in aksie sien.

Die balerresies was ook weer 'n hoogtepunt! 'n Kombinasie van tegnologie, vaardigheid en gesonde kompetisie. Vir ons as landboumedia is sulke dae goud werd. Dit gee ons die geleentheid om nie net oor toerusting te skryf nie, maar om dit in die veld te sien werk, saam met die boere wat dit daagliks gebruik.

Ons is ook opgewonde om 'n nuwe lid van die ProAgri-familie te verwelkom. Nicole Fourie het onlangs by ons aangesluit as junior landboujoernalis. Nicole bring vars energie, nuuskierigheid en 'n passie vir landbou.

Ons dink aan elke boer, elke werker en elke gesin wat deur bek-en-klouseer geraak word. Mag daar wysheid wees in besluitneming, spoed in oplossings, en 'n hernieude eenheid in ons bedryf.

**Landbougroete!**
**Bianca Pretorius**
**bianca@proagri.co.za**

## Op ons voorblad

**Die Valtra Q-reeks het gearriveer! Finse krag, presisie-tegnologie en betroubaarheid wat spesifiek ontwerp is om Suid-Afrikaanse boere se grootste uitdagings met selfvertroue aan te pak.**




## Inhoudsopgawe / Contents

**Voorbladartikel**
2. Voortreflike tegnologie en werkverrigting: Valtra Q-reeks nou in SA

**Meganisasie**
4. Balfour Hooidag 2026: Hier het jy nooit te veel hooi op jou vurk nie!
6. Massey Ferguson stel nuwe 5M-reeks bekend
9. Valtrac brings Mahindra tractors to farmers who need power without the price tag
10. John Deere bied betroubaarheid en waarde vir jou plaas
12. New Holland se hooisnyers en -kneusers: 'n Snit bo die res
14. Case IH maak skoonskip by 2026 se Balerresies
17. Ermelo Hooidag bewys waarde van moderne hooimaak
21. Scania Southern Africa launches results-driven campaign

**Hulpbronbestuur**
23. Rebelo: Your one-stop shop for fertilisers, irrigation and more

**Gewasproduksie**
25. Pioneer stel nuwe wit droëlandkultivar bekend
26. Weidingsbestuur deel 1: Veldtoestande en drakrag
29. Eetbare blomme deel 1

**Vee en Wild**
32. Pasop vir die slange

Agri4all

ProAgri
Posbus 72707, Lynnwoodrif /
Rossouwstraat 577
Die Wilgers, Pretoria
079-515-8708
www.proagri.co.za

Copyright © 2026. All rights reserved. No material, text or photographs may be reproduced, copied or in any other way transmitted without the written consent of the publisher. Opinions expressed are not necessarily those of the publisher or of the editor. We recognise all trademarks and logos as the sole property of their respective owners. ProAgri shall not be liable for any errors or for any actions in reliance thereon.

## ProAgri

**Redakteur tydskrif en aanlyn**
Bianca Pretorius > 082-326-2572 bianca@proagri.co.za

**Verslaggewers**
Natasha Pretorius > 083-468-2653 natasha@proagri.co.za
073-105-6938
Benine Ackermann > benine@proagri.co.za
Nicole Fourie > 079-932-6777 nicole@proagri.co.za

**Taalversorger**
Martie Bester > martie@proagri.co.za

**Bemarkingsbestuurder**
Diane Grobler > 082-555-6866 diane@proagri.co.za

**Bemarkers**
Xander Pieterse > 062-391-6507 xander@proagri.co.za
Tiny Smith > 082-698-3353 tiny@proagri.co.za
Kevin Greef > 078-374-8597 kevin@proagri.co.za

**Skeppende bestuurder**
Anja Oosthuizen > anja@proagri.co.za

**Uitleg en ontwerp**
Cara Watson & Stella van Eeden

**Kliëntverhoudingsbestuurder en navrae**
Engela Botha > 084-088-0123 engela@proagri.co.za

**Rekeninge**
Ronel Schluter > accounts@proagri.co.za

**Verspreiding en intekening**
Nita Volmer-van Zyl > 079-515-8708 nita@proagri.co.za

**Sakebestuurder**
George Grobler



Die intuïtiewe raakskerm en ergonomiese joystick plaas volle beheer binne maklike bereik en maak presisieboerdery eenvoudig.



VALTRAC
TRACTORS • IMPLEMENTS • SERVICE • PARTS

# Voortreflike tegnologie en werkverrigting: Valtra Q-reeks nou in SA

**deur Bianca Pretorius**

Suid-Afrikaanse boere staan op die drempel van 'n nuwe era in trekkermasjinerie. Die wêreldbekende Valtra Q-reeks het amptelik voet aan wal gesit, en die trekker is ontwerp om werkverrigting vir boere regoor die land te verander. Hierdie trekker kombineer Finse ingenieursvernuf, slim tegnologie en krag wat selfs die moeilikste werk in die veld maklik maak.

Van presisietegnologie tot kragtige hidrouliese stelsels en maksimum gemak vir die bestuurder, die Q-reeks is ontwerp om Suid-Afrikaanse boere slimmer, vinniger en meer doeltreffend te laat werk met minder insette en meer in die boer se sak. Dit is 'n veelsydige trekker en die perfekte pasmaat vir enige tipe werk, van eenvoudige boerderytake, tot vervoer en swaardiens veld- of vlootwerk.

Met bewese Finse ingenieursvernuf en sy wêreldbekroonde ontwerp, is dit duidelik waarom die Q-reeks reeds die Red Dot-toekenning vir sy produkontwerp en die Farm Machine 2023 Jury-toekenning ontvang het.

## Gevorderde tegnologie, uitsonderlike werksverrigting

Die nuwe Valtra Q-reeks trekker het 'n indrukwekkende kraglewering van 224 kW (305 perdekrag) en kombineer krag met slim tegnologie wat jou boerdery se take makliker maak.

Hierdie trekker 'dink' soos 'n kundige en is so sterk soos 'n bees. Die trekker is ook toegerus met 'n Vario-ratkas wat bekend is vir sy effektiwiteit en betroubaarheid.

Die trekker is ten volle geïntegreer met al die tegnologie waarvan 'n boer kan droom! Dit sluit in: Valtra Guide, seksiebeheer met Multiboom, veranderlike koersbeheer, Valtra *U-Pilot*-bestuursfunksie, *SmartTurn*- en ISOBUS-funksies waar alles eenvoudig beheer en bestuur word deur die bekroonde *SmartTouch*-paneel wat makliker is om te gebruik as jou slimfoon.

Gevorderde afstandbeheer en bestuursinstrumente soos Valtra *Connect en TaskDoc Pro* maak die bestuur van jou vloot en taakbeplanning vinnig en effektief. Met die 200+ liter hidrouliese pomp en 'n 75 liter- afsonderlike olietenk, kan die Q-reeks moeiteloos enige taak op die plaas verrig en met enige werktuig werk, van swaar grondbewerkings- tot presisietoerusting.

## Lae totale koste van eienaarskap: Bespaar brandstof en bespaar insette

Die Valtra Q-reeks is ontwerp om brandstof te bespaar sonder om in te boet op krag en prestasie, en bied boere 'n brandstofbesparing van tot 10%. Die trekker is kompak maar kragtig, met 'n optimale gewigsverspreiding van 41% voor en 59% agter, wat stabiliteit en doeltreffendheid verseker – selfs met die sleep van swaarder werktuie en toerusting.

Vanweë die geoptimaliseerde aandryfstelsel en gevorderde ratbeheer van die Q-reeks deur die *SmartTouch*-funksie, werk die trekker altyd met laer kragtoere, wat insette en brandstof verder bespaar. Die kort draai-sirkel maak dit maklik om vinnig en effektief op die wenakker te draai, wat op lang termyn baie tyd bespaar.

## Betroubare enjin en traplose aandrywing

Die Q-reeks is toegerus met die beproefde en bewese AGCO-sessilinderenjin. Met 'n enjininhoudsmaat van 7,4 liter gee dit jou die krag en betroubaarheid wat jy op die plaas nodig het. Die *EcoPower* sorg dat daar altyd ekstra kraglewering beskikbaar is, met 'n wringkrag van 1 280 Nm. Die Vario-ratkas bied 'n traplose aandrywing met deurlopende veranderlike spoedaanpassing wat enjinwerkverrigting optimaliseer.

Die CVT, of traplose aandrywing, sorg vir 'n seepglad oorgang, wat dit perfek maak vir swaar werk en moeilike veldtoestande.

Dit is ’n kompakte, hoëkilowatt-trekker ontwerp vir maksimum werkverrigting en vrag terwyl die enjin en kragoordragstelsel in perfekte harmonie werk vir hoë algehele doeltreffendheid.

## Operateursgemak waarvan enige trekkerbestuurder droom

Die Valtra Q-reeks is ontwerp met die bestuurder in gedagte en maak lang dae op die plaas en binne die trekker gemaklik en doeltreffend. Luukse sitplekke wat persoonlike aanpassings moontlik maak, waaronder sitplekverwarming vir kouer dae en uitsonderlike lugverkoelling wat werk selfs op die warmste dae. Die bestuurder het altyd ’n duidelike, onbelemmerde sig waar ook al hy ry, en die *Skyview*-kajuit bied ekstra uitsig vir optimale veiligheid.

Die Q-reeks is ook toegerus met *TwinTrac*-trustuur.

Die *SmartTouch*-paneel met sy 9 duim-skerm (23 cm) en multifunksionele joystick maak die gebruik van al die geïntegreerde tegnologie maklik, eenvoudig en aangenaam. Die groot A-pilaar-konsole is op ooghoogte en binne maklike bereik om die veiligheid en gerief van die bestuurder te verbeter.

## Werk langer, selfs in die donker

Die LED-ligte waarmee die trekker toegerus is, maak selfs werk in die donker moeiteloos. Werkligte is slim geplaas rondom die trekker vir 360°-sigbaarheid, insluitend spesiale ligte aan die agterkant om werktuie maklik aan en af te haak in die donker.

## Superieure vering (suspensie)

Die splinternuwe Q-reeks is met die behoeftes van die bestuurder ontwerp met ’n lugverende kajuit en luukse sitplekke om maksimum gemak en ergonomie die hele dag lank te bied. Die Aires se pneumatiese voorasvering bied ’n gladde rit en absorbeer die skokke van ongelyke paaie en velde, en bestuur hoë vastrap met geveerde ossillasie van sowat 9 grade en vering van ongeveer 50 mm. Vanweë Aires se vering, voel dit asof jy ‘op lug ry’.







**Die ruim kajuit van die Valtra Q-reeks bied volop spasie, uitstekende sig en maksimum gerief vir lang dae in die veld.**

Boere wat hul boerdery na die volgende vlak wil neem, kan vandag nog die nuwe Valtra Q-reeks deur Valtrac ervaar. Kontak hulle vir ’n demonstrasie of navrae by **056 817 7338** of **083 261 9863**. Stuur ’n e-pos na **sales@valtrac.co.za** of besoek hul webwerf by **https://valtrac.co.za/valtra-q-series/**



# Balfour Hooidag 2026: Hier het jy nooit te veel hooi op jou vurk nie!

deur Nicole Fourie

Vanjaar se Balfour Hooidag, wat deur die Balfour-boerevereniging aangebied is met AFGRI as hoofborg, was weereens 'n reusesukses, met boere wat regoor Suid-Afrika die dag bygewoon het om meer uit te vind oor die nuutste toerusting en tegnologie rondom hooimaak. Baie van hulle keer jaar na jaar terug om op hoogte te bly van die jongste ontwikkelinge in hooimaaktoerusting.

Byna 1 500 besoekers het die besondere dag op 'n nuwe en groter terrein op die R23, slegs 5 km buite Balfour op die pad na Heidelberg bygewoon. Tot groot vreugde van die organiseerders het selfs meer mense hierdie jaar se hooidag bygewoon. Op die dag stel verskeie handelsmerke hul toerusting uit en boere kan kies en keur. Die geleentheid gaan egter nie net oor die toerusting nie, maar is 'n kans vir boere van regoor die land om bymekaar te kom en hul kennis te deel en bymekaar te leer.

Boere kan die hooitoerusing met mekaar vergelyk en ook gesels met verteenwoordigers van die onderskeie handelsmerke om meer kennis op te doen. Dit help hulle om te bepaal watter toerusting hulle kan gebruik om suksesvol hooi te maak om aan hul boerdery se behoeftes te voldoen. Verskeie landboumaatskappye het inligting oor hul produkte met boere gedeel, soos onder meer graanopbergingsdienste, dierevoer, waterberging en dieregesondheid.

Van die uitstallers wat hul produkte ten toon gestel het sluit in onder meer John Deere, New Holland, Case IH, CLAAS, Landini, Valtrac saam met Mahindra, Jupidex, Orbach Agri, Rovic en Massey Ferguson. 'n Paar hoogtepunte van die dag was as volg:


John Deere sleep Rovic se V-hark.

## John Deere

John Deere se trekkers het nie net aandag getrek met hul toerusting nie, maar het gewys hoe doeltreffend hulle in die veld gebruik kan word – en het ander handelsmerke se hooitoerusting gesleep en ten toon gestel.

## Rovic

Rovic het 'n groot verskeidenheid hooitoerusting gedemonstreer en het ook gespog met hul V-hark wat vinnige, netjiese en konstante windrye verseker. Met eenvoudige verstellings en hoëkapasiteit-prestasie kon boere sien hoe die V-hark moeiteloos hooi van die hoogste kwaliteit lewer.

## New Holland

New Holland het weereens gewys waarom hul toerusting as staatmakers beskou word. Die Roll-Belt 150-baler wat deur hul nuwe metaangastrekker gesleep is, het vir die eerste keer sy opwagting by 'n hooidag in Suid-Afrika gemaak, en het besoekers beïndruk met sy doeltreffendheid en betroubaarheid. Net so indrukwekkend was New Holland se Speedrower® 200 Plus, wat ook weer sy naam as landbou-werkesel gestand gedoen het.

## CLAAS

CLAAS het 'n groot indruk op die boere gemaak met sy Jaguar 960 en Xerion 12 650.

Hierdie trekkers is bekend vir hul vermoe om hoë volumes gewasse met uitnemende doeltreffendheid en lae brandstofverbruik te hanteer.


'n Lugfoto van vanjaar se Balfour Hooidag. (Bron: AFGRI)



Boere het ook hul kennis met mekaar gedeel.



Derrick Coetzee van New Holland by die Speedrower® 200 Plus gedurende vanjaar se Balfour Hooidag.

## Massey Ferguson

Massey Ferguson se MF 5M.125 is 'n veeldoelige trekker wat 'n nuwe voorkoms gekry het. Die trekkers lewer 125 pk (93 kW) en beskik oor 'n Fase V-enjin, verbeterde hidroulika en opsionele presisieboerderytegnologie vir doeltreffendheid.

Die MF 5M.145 vorm deel van die nuwe veeldoelige trekkers wat meer gemak sowel as slimtegnologie bied. Die trekker lewer 145 pk (107 kW) en beskik oor 'n AGCO Power 4,4L viersilinder-dieselenjin en 'n brandstoftenk van 198 liter. Massey Ferguson se MF TW 160 is 'n sleepbare model wat bale self oplaai, toedraai en aflaai – en bied die veelsydigheid en doeltreffendheid wat boere wil hê.

Die Balfour Hooidag het alle verwagtinge oortref en boere kon na hul plase terugkeer met meer kennis oor die uiteenlopende soorte toerusting wat hulle op hul plase kan inspan vir hooimaak-sukses.



Boere bestudeer en gesels oor die gras se gehalte nadat dit gesny is.



MF TW 160, is 'n sleepbare baal toedraaier.



Die Massey Ferguson MF 5M.125 sleep 'n hooihark.



Opgewonde Volkie-leerders by John Deere se baler.



New Holland se metaangastrekker.



CLAAS se Jaguar 960 en Xerion 12 650. (Bron: CLAAS Suid-Afrika)




**Beskikbaar in vyf modelle - van 105 tot 145 pk (79 tot 107 kW) bied die MF 5M-reeks 'n wye verskeidenheid spesifikasies, opsies en bykomstighede om presies by jou spesifieke boerdery en behoeftes aan te pas.**

# Een trekker vir elke plaas: Massey Ferguson stel nuwe 5M-reeks bekend

**deur Bianca Pretorius**

Wanneer 'n trekker vir Afrika ontwerp word, moet dit meer kan doen as net krag lewer. Dit moet uithou. Dit moet aanpas. En dit moet werk ... dag ná dag, in hitte, stof en uitdagende toestande. Met die bekendstelling van die nuwe Massey Ferguson 5M-reeks in Suid-Afrika bevestig dié ikoniese rooi handelsmerk weereens sy verbintenis tot boere wat nie staantyd kan duld nie. Die MF 5M-reeks, met vyf nuwe modelle wat wissel van 105 pk (79 kW) tot 145 pk (107 kW), is onlangs vir die eerste keer aan Suid-Afrikaanse boere bekend gestel tydens die jaarlikse Balfour Hooidag. Dit was 'n belangrike oomblik, nie net omdat dit 'n nuwe produkbekendstelling was nie, maar omdat dit 'n trekkerreeks is wat spesifiek ontwerp is met Afrika se werklikhede en behoeftes in gedagte.

"Hierdie is nie 'n trekker wat net mooi lyk op papier nie," sê Hennie van der Walt, Massey Ferguson-handelaar, wat by die Balfour Hooidag teenwoordig was. "Boere kon self sien, inklim en vrae vra. Die terugvoer was dadelik positief, veral oor die eenvoud, krag en praktiese uitleg."

## Ontwerp vir Afrika – gebou vir uithouvermoë

Massey Ferguson se teenwoordigheid strek oor die hele Afrika-kontinent, waar hul trekkers gebruik word deur kleiner en opkomende boere en selfs groter kommersiële boerderye. Van graan en oliegewasse tot vrugte, neute, katoen, suiker en veeproduksie, hierdie trekkers moet alles kan hanteer.
Die MF 5M-reeks bou voort op die bewese betroubaarheid van vorige Massey Ferguson-modelle, maar met moderne verbeterings wat fokus op doeltreffendheid, laer bedryfskoste en maksimum opbrengs op belegging.

"Wat vir my uitstaan van die 5M-reeks is die feit dat hierdie trekker nie ingewikkeld is nie. Dit gee vir boere presies wat hulle nodig het – sterk komponente, goeie hidroulika en 'n werkesel vir elke tipe boerdery," sê Hennie.

## Uitmuntende krag en ekonomie

Die reeks word aangedryf deur 'n AGCO Power viersilinder 4,4-liter enjin, bekend vir sy robuustheid en brandstofdoeltreffendheid. Hierdie enjins is ontwerp om presies die regte krag te lewer vir veeleisende take, sonder onnodige brandstofverbruik. Met diensintervalle van 400 uur en 'n groter brandstoftenk, beteken dit minder staantyd, minder diensbeurte en meer produktiewe ure in die land. Vir boere wat lang dae werk tydens plant- en oestyd, is dit beslis 'n voordeel.

"Baie boere het by die Balfour Hooidag spesifiek gevra oor onderhoud en brandstofverbruik. Hulle wil weet: gaan hierdie trekker my geld spaar oor vyf of 10 jaar? En die antwoord is ja, dis presies waarvoor die 5M gebou is," vertel Hennie.

## Buigsaam genoeg vir enige taak

Een van die sterkste kenmerke van die MF 5M-reeks is sy aanpasbaarheid. Boere kan kies uit verskillende spesifikasiepakkette, van die robuuste basiese model tot die meer gesofistikeerde "Classic"-, "Deluxe"- en "Dyna-4"-weergawes.

Hierdie opsies bied aan boere die gemoedsrus om net te betaal vir die tegnologie en behoeftes wat hul boerdery werklik nodig het.



**Die MF 5M.145 kombineer eenvoudige, gebruikersvriendelike kontroles met doelgerigte tegnologie, alles sonder om in te boet op Massey Ferguson se bewese betroubaarheid wat verseker dat die werk gedoen word.**

Die trekkers bied 'n keuse tussen 12x12-ratkaste of die Dyna-4-transmissie met 16x16-ratte, asook 'n meganiese, 'powershuttle' of kruipspoed skakelopsies beskikbaar. Die 55°-draaisirkel van die vooras maak die trekker besonder aanpasbaar wat lekker draai veral op jou wenakkers, en ook tydens laaiwerk en in beperkte ruimtes.

Die "Hydralock"-stelsel, wat outomaties vierwielaandrywing aktiveer wanneer die remme gebruik word, verbeter veiligheid en beheer, terwyl dit ook bandslytasie verminder.

## Hidroulika en ligvermoë wat nie terugstaan nie

Met 'n keuse tussen 57 l/min of 'n hoëkapasiteit 98 l/min hidrouliese pomp, staan die MF 5M-reeks nie terug wanneer dit kom by die sleep van implemente of die gebruik van 'n laaigraaf nie.

"Ons sien toenemend dat boere een trekker wil hê wat alles kan doen," sê Hennie. "Van hooimaak en baalwerk tot laaiwerk en grondvoorbereiding, en soos ons vandag tydens die hooidag kon sien, die veelsydige 5M pas perfek in daardie rol."


## Boere se eerste indrukke van die MF 5M-reeks

Die reaksie van Suid-Afrikaanse boere op die nuwe MF 5M-reeks was onmiddellik positief. Gerhard Grobler sê hy het vandag vir die eerste keer die voorreg gehad om in 'n 5M.145-trekker in te klim:



"Ek sit hier in 'n kajuit wat baie gemaklik is. Hierdie trekker het drie hidrouliese banke agter met 'n vloei van 98 liter per minuut. Die spoedbeheerknoppie hou die PTO-spoed deurlopend reg, so jou masjien werk presies soos dit moet, ongeag of jy stadiger of vinniger ry. Die kajuit is baie ruim en jy kan regtig mooi sien, dit is 'n mooi trekker en iets om na te kyk."

*Ruan Grobler deel ook sy indrukke:*



"Die rooi bly maar mooi! Ek hou ook van die nuwe grys streep op die ontwerp. Die opgedateerde hidrouliese stelsel maak dit makliker om fyn verstellings te doen. By die MF 5M.125 is die vorentoe- en trustuur (*shuttle*) aan die linkerkant van die stuurwiel uiters gerieflik, veral om in lande om te draai op die wenakkers. Die nuwe revolusie regulerings-knoppie is 'n groot plus – as jy byvoorbeeld 'n tolsnyer gehaak het, hou die trekker nou jou PTO-revolusies perfek. Voeg daarby die ekstra spasie in die kajuit en 'n dakkie vir beskerming teen die son, en jy kry 'n trekker wat regtig 'n indruk maak. Ek is werklik baie beïndruk."

## Slim boerdery – wanneer jy dit nodig het

Vir boere wat gereed is om die volgende stap te neem, kan sekere MF 5M-kajuitmodelle vervaardig word met MF "Smart Farming". Dit sluit onder meer (outomatiese stuur), seksiebeheer en veranderlike toediening in. Presisieboerdery help om oorvleueling te verminder, insetkoste te bespaar en opbrengste te maksimeer.



**Die Massey Ferguson 5M.145 wat vir die eerste maal aan Suid-Afrikaanse boere bekend gestel is tydens die Balfour Hooidag 2026.**



**Die MF 5M.125 wys dat hy nie terugstaan vir harde werk tydens die jaarlikse die Balfour Hooidag nie.**

## 'n Trekker vir vandag … en môre

Met die 5M-reeks se moderne Massey Ferguson-ontwerp, verbeterde kajuitgerief, opsionele meganiese kajuitvering en 'n wye keuse van Massey Ferguson-laaigraaf en bykomstighede, is hierdie reeks 'n praktiese belegging vir boere wat vooruit beplan.

Die reeks bevestig Massey Ferguson se doel: om betroubare, duursame en winsgewende oplossings te bied wat boere help om te groei, ongeag hul skaal of sektor.

"Die 5M bring Massey Ferguson terug na sy kern. Betroubaarheid, eenvoud en waarde. Dit is 'n trekker wat jy toe oë kan koop met vertroue," sluit Hennie af.

**Vir meer inligting** of om 'n demonstrasie te bespreek, kontak jou naaste gemagtigde Massey Ferguson-handelaar of besoek hul webwerf by www.masseyferguson.com

Kyk die video hier




**Hennie van der Walt, Massey Ferguson-verteenwoordiger, by die onlangse Balfour Hooidag waar die nuwe MF 5M-reeks vir die eerste keer aan Suid-Afrikaanse boere bekend gestel is.**


mahindra TRACTORS
WHEN THE DAY DEMANDS MORE,
CHOOSE mahindra
From compact utility to high-horsepower performance, the Mahindra tractor range is built to handle every task, every season. Tough, reliable, and engineered for real farm conditions, this is power you can depend on, day after day.
WHILE STOCKS LAST
No. 1 Tractor Company in the World*
T's & C's apply
MAHINDRA TRACTORS TOUGH ENOUGH
5 YEAR* WARRANTY 5
3000 HOURS* WARRANTY 3
3-WORKING DAY TURNAROUND 3
www.mahindrafarmequipment.co.za | 012 661 3161 | Nellmapius and John Voster, Centurion Outlying, South Africa





# Valtrac brings Mahindra tractors to farmers who need power without the price tag

**by Natasha Pretorius**

In an economy where disposable income is not readily available on your farm, you need equipment that can keep up with the demanding tasks of your farm but still won't break the bank.

At this year's Balfour Hay Day on 21 January, Valtrac proudly showcased Mahindra tractors, the latest addition to their product range. According to Bronwyn Cilliers, General Manager at Valtrac, they've realised that many farmers don't have access to disposable income.

"It's fairly tough out there, the prices for products aren't good. But the last thing you want to do is compromise on the quality of feed that you are giving your animals. With the Mahindra tractors, we are showing that you can still make quality feed, you can have the right implements and still put an affordable tractor in front of it,"

## Advantages of owning a Mahindra tractor

Bronwyn explained that although Mahindra tractors are quite basic, they are ruggedly built strong, heavy tractors compared to others in their class.

"It is a tractor that we think in the long run will help a farmer to make money and is not going to cost them money," she said.

The advantage of these tractors is that they are distributed by Mahindra South Africa, which means that parts and services are readily available.

"Mahindra has really gone to a lot of effort over the last few years to find out what the needs of the South African farmers are, not just from a product point of view, but also from an after-sales point of view."

Mahindra offers a five-year warranty on their tractors, which means that farmers won't have to spend a lot of money on repairs during that period. The company also has a three-day turnaround time on all repairs and maintenance, however, if they need more time, they'll assist farmers with other arrangements to ensure their farming operations keep running smoothly.




**Attie de Villiers and Bronwyn Cilliers from Valtrac – proudly representing Mahindra Tractors at the Balfour Hay Day 2026.**

## Extensive range of Mahindra tractors

The Mahindra 6075 and 6060 tractors demonstrated their power by pulling Valtrac's Pottinger implements.

As a heavy-duty four-wheel-drive utility tractor, the Mahindra 6075 is known for its durability, powerful engine and high lift capacity.

This tractor forms part of Mahindra's 6000 Series and comes with a 56 kW four-stroke, turbocharged, direct injection, water-cooled diesel engine, 48 kW PTO, and an operating weight of approximately 3 400 kg.

The 6060 is a two-wheel-drive utility tractor that is designed for a wide range of medium-duty activities on the farm. This tractor comes with a 44 kW four-stroke, direct injection, turbocharged, water-cooled diesel engine, Direct Injection, a 37 kW PTO and an operating weight of 2 530 kg.



**Valtrac using their Mahindra tractors to demonstrate their Pottinger hay equipment at the Balfour Hay Day 2026.**

"There is a lot of work that two-wheel-drive tractors can do on farms, and although they have lost popularity, they are great for doing the run-around work on your farm," Bronwyn said.

With Mahindra as part of their product range, Valtrac believes they'll be able to offer farmers exactly what they need in the price range they can afford. Valtrac believes in helping their customers thrive and by joining hands with Mahindra, this endeavour is one step closer to achieving that goal.

**If you're interested in seeing the Mahindra tractors, you can contact Valtrac's authorised Mahindra dealership branches in Lichtenburg, Parys, Bethlehem, Pietermaritzburg and Humansdorp.**

**For more information, contact Mahindra Tractors on 012 661 3161 or visit their website at www.mahindra.co.za**



# John Deere bied betroubaarheid en waarde vir jou plaas

deur Natasha Pretorius

Om John Deere-toerusting aan te skaf gaan oor baie meer as net nog 'n masjien op jou plaas. John Deere staan vir betroubaarheid en waarde, en almal weet goedkoop koop is duur koop. Met die aankoop van John Deere-masjinerie weet jy dat jou belegging vir jou wins sal bring.

Die John Deere- en AFGRI-span het weer hierdie jaar se Balfour Hooidag bygewoon, met AFGRI wat een van die hoofborge was. Vanjaar is die hooidag op 'n nuwe perseel aangebied en Ettiene Meyer, bemarkingsbestuurder vir AFGRI Equipment, het vertel hulle was baie tevrede met die opkoms.

John Deere het ook by hierdie hooidag hul nuwe F441M-baler aan boere bekend gestel. Die F441M is 'n baler vir verskillende gewasse wat ideaal is vir medium tot lae volume bedrywighede waar min tyd soms beteken dat jy hoë kapasiteit en spoed nodig het.



DK Mashau, areabestuurder vir John Deere Suid-Afrika vertel dat John Deere altyd parte beskikbaar het.


## Watter waarde bied John Deere jou?

Wanneer jy aan John Deere dink, dan moet jy aan waarde op jou plaas dink. John Deere se senior areabestuurder vir die noorde en suide, Dewald van Heerden, het verduidelik hoekom John Deere sinoniem is met waarde.

"John Deere is altyd daar om saam met die boer vooruit te boer, so ons spandeer baie koste aan navorsing om ons produkte op die ou einde van die dag vir die boer beter te maak. Ons wil hê ons produkte moet help met kostebesparing, vinnig in die lande werk en die boer moet seker wees dat dit wat op die land gelos word, vir hom die meeste geld terugbring na sy sak toe, of dit nou kom by plant, spuit of stroop," het hy vertel.

John Deere wil verseker dat waarde gekoppel word aan jou produk vanaf die dag wat hy op jou plaas aankom totdat jy weer ontslae raak van hom.

"Elke produk wat ons in die land inbring het 'n spesifieke doel en is gebou vir Suid-Afrikaanse omstandighede. Elke produk word deegliks getoets voordat hy op die mark gesit word om te verseker dat hy gebou is vir die spesifieke areas, omstandighede en kondisies," het Dewald gesê.



Niel Ackerman, bemarker by AFGRI Equipment Grootvlei. Hy raai boere aan om in John Deere te belê.



Ettiene Meyer, bemarkings-bestuurder vir AFGRI Equipment.



John Deere se senior area-bestuurder vir die noorde en suide, Dewald van Heerden, vertel dat John Deere se produkte gemaak is vir Suid-Afrikaanse boere.

## Jou boerdery moet nie stilstaan nie

By John Deere weet hulle tyd kos geld, en 'n trekker wat staan kan jou boerdery laat stilstaan. Daarom maak hulle seker dat daar vrylik parte beskikbaar is.

DK Mashau, areabestuurder vir John Deere Suid-Afrika, het vertel dat die beskikbaarheid van onderdele in Suid-Afrika iets is wat John Deere uiters ernstig opneem.

"Ons glo daarin om ons kliënte deur die volle lewensduur van hul masjiene te ondersteun. Met 'n toegewyde partestoor in Johannesburg en verskeie handelaars regoor Suid-Afrika, is ons toegerus om ons kliënte in die veld te ondersteun," het hy gesê. Daar is ook stelsels in plek om te verseker dat handelaars genoeg voorraad aanhou van parte wat algemeen benodig word. Sodoende hoef 'n boer nie te wag om sy part in die hande te kry nie. In dringende gevalle kan boere ook self parte by John Deere se stoor in Johannesburg gaan afhaal.

"By John Deere glo ons daaraan om altyd die regte onderdele op die regte tyd te hê," sê DK.

## John Deere regoor Suid-Afrika

Niel Ackerman is 'n bemarker by AFGRI Equipment Grootvlei en met 24 jaar se ondervinding is hy trots om te sê dat John Deere een van die grootste voetspore in Suid-Afrika het.

"Ons het handelaars regoor Suid-Afrika wat die produkte verkoop wat die boere nodig het, asook 'n volgepakte partestoor om die trekkers aan die gang te hou. Ons boere en hul boerderye is vir ons die belangrikste, ons wil so min as moontlik staantyd hê," het hy gesê.

Omdat John Deere self hul enjins bou, kan hulle waarborg dat die enjins spesifiek gebou word vir landboutake wat beteken boere kan op laer RPM's hoër wringkrag kry. Dit is ook die rede waarom John Deere se dieselverbruik so ekonomies is.

"Ek sal mense aanraai om John Deere te kies, want ons het 'n groot voetspoor in die land, daar is baie verskillende handelaars, ons parte is maklik verkrygbaar en ons masjiene is kwaliteit," het Niel gesê.




















**Indien jy op soek is na waarde vir jou geld en masjiene wat vir jou en jou boerdery werk, kan jy John Deere se webtuiste besoek by** www.AFGRIequipment.co.za






SR200® PLUS: Gebou om die eise van die taaiste veldtoestande en hoë spoed te hanteer.

## New Holland se hooisnyers en -kneusers:

# ’n Snit bo die res

Artikel voorsien

## Produktiwiteit. Presisie. Effektiwiteit.

Die nuutste generasie SR200 Speedrowers is ontwikkel ná jare se gesprekke met hooimakers wat hul behoefte uitgespreek het vir ’n platsnyer wat hulle kan help om meer hooi per dag te sny. Die resultaat is die Speedrower® PLUS-selfaangedrewe platsnyer, wat uitstekende gemak vir bestuurders bied vanweë die gevorderde SensiDrive™-aandrywingsbeheer, hoër produktiwiteit as gevolg van die vinnigste snelhede in die bedryf sowel as maklik bruikbare presisie-oplossings en die gemaklikste rit nog.

Tydbesparing is vanselfsprekend met die SR200® PLUS-reeks wat ’n indrukwekkende topspoed van 32 km/h in die veld bied om jou vinnig van land tot land te laat beweeg. Die *windrower* is toegerus met die nuutste presisietegnologie, wat lei tot verhoogde produktiwiteit in alle aspekte. Met die druk van ’n knoppie verbeter die IntelliSteer™ Auto Guidance, wat in die fabriek geïnstalleer word, doeltreffendheid en gemak, terwyl dit bedryfskoste verlaag en jou wins verhoog. Boonop kan jy jou SR200® PLUS-*windrower* van enige plek en te alle tye monitor met die New Holland FieldOps™-plaasbestuurstelsel.

Die tyd wat jy tussen lande bespaar, help jou om elke dag meer hektare te sny. Vir maksimum bedryfstyd, bied die Speedrower® PLUS-reeks grondvlak-brandstoftoevoer, eenvoudige onderhoud en indrukwekkende onderhoudsintervalle. Wanneer jy jou *windrower* die eerste keer gebruik, is dit nie nodig om die stuurwiel te sentreer nie en kan jy moeiteloos met jou bedrywighede begin. Komplekse meganiese en hidromeganiese beheermaatreëls is uitgeskakel om ten einde daaglikse onderhoudspunte te verminder. Die SR200 kan toegerus word met óf die Durabine™ 416 óf 419 wat ’n snywydte van 4,9 tot 5,8 m kan bied.

### Hoë gehalte. Hoë tonnemaat. Hoë spoed.

Die Discbine® 210-skyfsnyer-kneuser help jou om hooi van die hoogste gehalte te maak en meer daarvan

te behou. Die gewas word noukeurig, skoon en vinnig gesny en word eenvormig gekneus, wat voedingstowwe behou.


Die betroubare MowMax-stelsel verminder bekommernis, tyd, frustrasie en herstelkoste omdat dit 'n modulêre ontwerp is. Elke skyfmodule is onafhanklik, verseël in sy eie olie en word beskerm teen skadelike impakte deur eksklusiewe ShockPRO™-nawe. Skerp messe gee jou die skoon snit wat jy wil hê – met minder oes wat agterbly. Gevolglik word die tonnemaat verhoog, jy kry vinnige hergroei en die voergehalte van die volgende sny is 'n gegewe. Dit is maklik om skerp te bly met die standaard QuickMax™-meswisselstelsel.

Versnelde hooidroging beteken nie net dat die hooi vinnig afgehaal kan word nie, maar laat jou toe om die gewas met maksimum voergehalte uit die land te kry. New Holland bied 'n effektiewe kneusingsoplossing wat die hooi vinnig droogmaak. Dit gebeur omdat die sagte rubber chevron-insnyrolle ratse, eindelose aanpassings aan die kneusingmeganisme verskaf om by die gewas en weerstoestande aan te pas.

Anders as ander sy-trek-skyfsnyers, draai die tong van die Disbine 210 aan die kant van die sleepraam, wat 'n duidelike uitsig op die voorkant van die masjien bied terwyl hooi tot 'n wydte van 3,2 m gesny word.

## Betroubare en gerieflike skoon snywerk

Verhoog die opbrengs en voergehalte van jou hooiland deur 'n skoon, eenvormige sny te kies wat begin by die MowMax™-snybalk van die New Holland DuraDisc™ 210M-swaargewig-skyfsnyer.



Aangesien dit noukeurig en skoon sny, laat die DuraDisc-skyfsnyers minder oes agter om die tonnemaat gedurende elke sny te verhoog om gewigstoename, melkproduksie en uiteindelik die winsgewendheid en sukses van jou onderneming te verbeter.

Die MowMax™-snybalk is ontwerp met individuele skyfmodules met 'n aparte verseëlde ratkas en 'n toegewyde oliereservoir sodat die ratte behoorlik gesmeer bly, selfs wanneer daar teen heuwels gewerk word. Elke module beskik oor 'n ShockPRO™-naaf wat skadelike impakte absorbeer en die snybalk se aandrywing beskerm sou dit 'n hindernis tref.

Twee snykante op elke mes bied tweekeer die snyleeftyd. Standaard QuickMax™-messe laat jou toe om die messe maklik van die voorkant van die snybalk af om te draai of te vervang.

Die 540-rpm PTO-aandrywing beskik oor 'n konstante snelheidsgewrig van 80 grade vir gladde, stil werking en om skerp draaie. 'n Sekondêre CV-aandrywingopsie laat jou toe om veldhindernisse te 'stuur' tydens die snyaksie in die veld. Die wiele is ook aan die binnekant van die snykant geleë om die aftrap van ongesnyde gewasse uit te skakel.

Vir meer inligting, besoek **www.newholland.com/za** of kontak Derrick Coetzee, produkbemarkingspesialis: Oes- en hooitoerusting Suider-Afrika, by (+27)82-524-7447.



# Case IH maak skoonskip by 2026 se Balerresies

deur Bianca Pretorius



Rondebalers in volle aksie tydens die FarmSpace "Baler Challenge", waar handelsmerke kop-aan-kop meegeding het om spoed, kapasiteit en baalgehalte in werklike veldtoestande te wys.

Die 2026-landboukalender het sommer vroeg afgeskop met 'n hoogtepunt vir hooiboere: die gewilde Balerresies, aangebied deur FarmSpace in samewerking met Valtrac. Dis 'n dag wat elke boer wat erns maak met gehalte hooi en doeltreffende toerusting, met 'n rooi sirkel omring op die kalender.

Dié geleentheid het op 28 Januarie 2026 by Valtrac se perseel net buite Parys plaasgevind en het boere die kans gegee om self te sien watter baler uitstaan wanneer dit saak maak. Die fokus was uitsluitlik op rondebalers, wat in twee afdelings meegeding het: vastekamer- en veranderlikekamerbalers.

Meer as net 'n resies, het die dag aan besoekers die geleentheid gebied om die nuutste balertegnologie en ook ander hooitoerusting van naby te beleef en dit alles in aksie.

Demonstrasies kon na hartelus bekyk word, terwyl daar genoeg pret en gesonde kompetisie in die lug was. Verskeie balers van bekende handelsmerke het kop-aan-kop meegeding om met die louere in hul onderskeie afdelings weg te stap.


Benewens die balerresies was daar ook 'n wye verskeidenheid ander landbouhandelsmerke wat hul produkte uitgestal het. Hoommeltuig-demonstrasies, sowel as ander hooi- en landboutoerusting, het gesorg dat daar vir elke boer iets van belang was.

**Handelsmerke en balers wat deelgeneem het, sluit in:**

- Case IH met die RB 456 HD Pro (veranderlikekamerbaler) en RB 545 (vastekamerbaler)
- Rovic met die Krone Bellima F130 (vastekamerbaler)
- Valtrac met Kuhn-balers: VB 3160 (veranderlikekamer) en FB 3130 (vastekamer)
- Mascar (Antonio Maschio) met die Diavel 630 Cut (vastekamerbaler)
- n Nuwe toetreder tot die kompe-tisie, Fimaks, met die FMRB 170 (veranderlikekamerbaler)



**Boere bekyk en voel die gehalte van die bale in die veld nadat dit deur verskeie balers gemaak is, 'n belangrike maatstaf vir boere.**



**Devin Dedwith, Tegniese Bestuurder van Valtrac vertel meer van die Kuhn balers wat hulle in die kompetisie ingeskryf het.**

**Uitslae:**

**Vastekamerbalers:**
- Case IH RB 545
- Kuhn FB 3130
- Mascar Diavel 630
- Krone Bellima F130

**Veranderlikekamerbalers:**
- Case IH RB 456 HD Pro
- Kuhn VB 3160
- Fimaks FMRB 170

Case IH het duidelik gewys hulle meen besigheid en het met hul twee inskrywings skoonskip gemaak deur beide albei afdelings te wen.

Die RB 545 het koning gekraai in die vastekamer-afdeling, terwyl die R B 456 HD Pro die louere in die veranderlikekamer-afdeling ingepalm het.

Die kompetisie is nie net op spoed beoordeel nie. Elke baal is ná die resies geweeg, en die ton per uur is saam met die balers se werksnelheid in berekening gebring. Dit het verseker dat die wenbalers nie net vinnig was nie, maar ook konsekwent swaar, kompakte bale kon lewer, presies wat boere in die praktyk nodig het.

Met 'n sterk fokus op tegnologie en regverdige kompetisie het die 2026 Balerresies gewys hoekom hierdie geleentheid al hoe meer aandag trek onder Suid-Afrikaanse hooiboere.

FARMSPACE

THE BALER CHALLENGE

RESULTS

28 JAN '26 VALTRAC PARYS, FREE STATE

FIXED

| | Baler | Ton/hour | Density | Ton Points | Density Points | Total Points | Avg Weight | Adj Time | Broken |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | Case IH - RB 545 | 20.43 | 177.50 | 25.00 | 23.63 | 48.63 | 238.33 | 252.0 | 0 |
| 2 | Kuhn - FB 3130 | 18.27 | 187.78 | 22.36 | 25.00 | 47.36 | 237.86 | 328.0 | 0 |
| 3 | Mascar - Diavel 630 | 15.18 | 187.39 | 18.58 | 24.95 | 43.52 | 246.67 | 351.0 | 0 |
| 4 | Krone - Bellima | 8.51 | 147.97 | 10.42 | 19.70 | 30.12 | 175.00 | 666.0 | 0 |

FIXED

| | Baler | Time | Diameter (m) | Height (m) | Total Bales | Weights (kg) |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | Case IH - RB 545 | 04:12 | 1.23 | 1.13 | 6 | 235, 230, 240, 230, 250, 245 |
| 2 | Kuhn - FB 3130 | 05:28 | 1.2 | 1.12 | 7 | 230, 220, 235, 225, 225, 230, 300 |
| 3 | Mascar - Diavel 630 | 05:51 | 1.24 | 1.09 | 6 | 240, 235, 250, 260, 245, 250 |
| 4 | Krone - Bellima | 11:06 | 1.17 | 1.1 | 9 | 180, 160, 165, 170, 170, 180, 190, 185, 175 |

WWW.BALERCHALLENGE.CO.ZA

**Bron: FarmSpace**

FARMSPACE

THE BALER CHALLENGE

RESULTS

28 JAN '26 VALTRAC PARYS, FREE STATE

VARIABLE

| | Baler | Ton/hour | Density | Ton Points | Density Points | Total Points | Avg Weight | Adj Time | Broken |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | Case IH - RB 456 HD | 29.33 | 217.88 | 25.00 | 25.00 | 50.00 | 401.25 | 197.0 | 0 |
| 2 | Fimaks - FMRB 170 | 24.23 | 133.62 | 20.65 | 15.33 | 35.98 | 252.86 | 263.0 | 0 |
| 3 | Kuhn - VB 3160 | 21.63 | 162.10 | 18.44 | 18.60 | 35.04 | 343.75 | 286.0 | 1 |

VARIABLE

| | Baler | Time | Diameter (m) | Height (m) | Total Bales | Weights (kg) |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | Case IH - RB 456 HD | 03:17 | 1.46 | 1.1 | 4 | 390, 405, 390, 420 |
| 2 | Fimaks - FMRB 170 | 04:23 | 1.48 | 1.1 | 7 | 245, 255, 250, 240, 260, 260, 260 |
| 3 | Kuhn - VB 3160 | 04:46 | 1.5 | 1.2 | 5 | 345, 325, 345, 360 |

WWW.BALERCHALLENGE.CO.ZA

**Bron: FarmerSpace**



**Devin Dedwith, Tegniese Bestuurder van Valtrac vertel meer van die Kuhn balers wat hulle in die kompetisie ingeskryf het.**




**Die Fimaks FMRB 170, 'n nuwe toetreder tot die Balerresies, word aan boere bekend gestel voor die kompetisie begin.**



**Die Case IH RB 545 spoeg 'n netjiese, kompakte rondebaal uit, wat die baler die wenplek in die vastekamer-afdeling besorg het.**



**Die Kuhn VB 3160 word voor die aanvang van die kompetisie bespreek, met fokus op sy tegnologie en verstelbare baalgrootte.**



**Die Krone Bellima F130 bewys sy betroubaarheid in aksie tydens die 2026 Balerresies.**

OORTREF VERWAGTINGE

# DIE SPLINTERNUWE 5M-REEKS



## 105-145 PK – ONGEBONDE WERKVERRIGTING VIR ELKE TAAK

Ontdek hierdie veelsydige trekker wat doelgerig ontwerp is vir die uitdagende Afrika-landskap. Met tot 145 perdekrag en indrukwekkende wringkrag uit die doeltreffende AGCO Power-enjin, lewer die MF 5M die krag wat jy nodig het om grondbewerking, saai, hooimaak, laaiwerk en veeboertake moeiteloos te hanteer.

Kies tussen die gladde Dyna-4 transmissie vir koppelaarvrye skakeling of die betroubare gesinchroniseerde opsies. Uitsonderlike wendbaarheid met 'n stywe draaikring, hidroulika tot 98 L/min en volle laaigraaf-versoenbaarheid maak dit die ideale vennoot vir produktiwiteit. Die MF 5M is gebou vir uithouvermoë met lae bedryfskoste, 400-uur diensintervalle en beskikbare slimboerdery-tegnologie vir presisie stuur leiding.

Massey Ferguson 5M: Betroubaar. Doeltreffend. Gereed vir enige uitdaging.

reddot winner 2025

[Skandeer die QR-kode vir meer inligting]

VIR MEER INLIGTING, BESOEK ONS WEBWERF OP
WWW.MASSEYFERGUSON.COM

MASSEY FERGUSON

# Ermelo Hooidag bewys waarde van moderne hooimaak

**deur Bianca Pretorius**




In 'n boerdery-omgewing waar weerstoestande al hoe meer onvoorspelbaar raak, bly hooi een van die belangrikste skakels in volhoubare veeproduksie. Vir boere is hooimaak nie bloot 'n seisoenale aktiwiteit nie, maar 'n strategiese besluit wat 'n direkte invloed het op voergehalte, kostebestuur en uiteindelik die winsgewendheid van die boerdery.

Elke sny, elke draai en elke baal tel, en daarom is die keuse van die regte hooimaaktoerusting net so belangrik as die toestand van jou lande en jou gras. Wanneer die hooimaak-venster oopgaan, is daar min ruimte vir foute. Betroubare, doeltreffende toerusting wat presies doen wat dit moet, maak die verskil tussen voer van uitnemende gehalte en verliese wat lank ná die seisoen nog gevoel word. Dit is juis hier waar praktiese demonstrasies, tegniese kennis en eerstehandse ervaring onontbeerlik raak en presies waarom geleenthede soos die Ermelo Hooidag so 'n belangrike rol in die landboulandskap speel.

## 'n Dag van trots en mooi hooi

Ná afloop van die dag het dit duidelik geword dat die Ermelo Oos Boerevereniging se tweede Hooidag nie net aan verwagtinge voldoen het nie, maar dit in baie opsigte oortref het. Volgens Gerhard Grobler, lid van die Ermelo Oos Boerevereniging en gasheer op wie se plaas die dag gehou is, kyk met groot dankbaarheid terug op 'n besonder geslaagde geleentheid.

"Ons kyk as groep met dankbare harte terug na ons tweede Hooidag wat hier op my plaas Smitsfield op die Lothair-pad buite Ermelo aangebied is," sê Gerhard. "Die uitstallers is baie positief om deel te wees van die dag en om betrokke te raak. Die Hooidag het vanjaar met 15 nuwe uitstallers gegroei in vergelyking met verlede jaar, TWK was weereens vanjaar ons hoofborg van die geleentheid."

Volgens Gerhard het verskeie faktore bygedra tot die sukses van die dag. "Ons het 'n baie suksesvolle dag gehad. Die weer het saamgespeel, daar was baie gras, en ons is werklik geseënd hierdie jaar," vertel hy trots.

Vir Ruan Grobler, 'n jong opkomende boer en ook lid van die Ermelo Oos Boerevereniging, lê die waarde van die Hooidag veral in die praktiese blootstelling wat dit bied. Hy meen die dag skep 'n unieke platform waar boere nie net toerusting kan sien nie, maar dit ook in werklike plaasomstandighede kan ervaar.

"Vir my as jong boer is hierdie dag 'n ongelooflike geleentheid om inligting



**Massey Ferguson en Jupidex (McHale) demonstreer hul baaltoedraaiers aan Hoëveld-boere. Die nuwe demonstrasies bied waardevolle insigte oor hoe nat hooi en kuilvoer optimaal gebaal kan word.**



**Vernuwende tegnologie in aksie: Falcon demonstreer hul afstandbeheerde snyer aan boere.**

in te win," sê Ruan. "Jy kan die nuutste tegnologie en toerusting van nader sien, nuwe maniere leer hoe om bale te maak, en ook idees kry oor wat jy anders binne jou boerdery kan doen. Om dit fisiek in die veld te sien werk en met rolspelers te kan gesels oor jou spesifieke behoeftes, maak 'n groot verskil."

Hy voeg by dat die vereniging met reg trots kan wees op wat hulle bereik het. "Ons as Ermelo Oos Boerevereniging is baie trots daarop om hierdie dag aan te bied. Die hooi is mooi, die trekkers is mooi, die balers is mooi, die harke is mooi, dit is regtig 'n ongelooflike mooi dag."

## Demonstrasies

Vanjaar se demonstrasies deur verskeie handelsmerke waaronder Rovic, Massey Ferguson, Case IH, Jupidex, Orbach Agri, Falcon, Agri Hawk en ander was werklik indrukwekkend. Die terugvoer wat die organiseerders ná afloop van die dag ontvang het, was oorweldigend positief, met boere wat veral die praktiese aard van die demonstrasies waardevol gevind het.

Volgens Gerhard het die demonstrasies boere blootgestel aan tegnologie wat nie noodwendig algemeen in die Hoëveld gebruik word nie, maar wat toenemend relevant raak. "Iets wat baie interessant is, is dat ons hier in die Hoëveld hoofsaaklik droë bale maak. Nie baie mense maak nat hooi nie, en ons draai ook nie sommer ons bale toe nie. Vanjaar het ons egter die geleentheid gehad om te sien hoe baaltoedraaiers (*wrappers*) werk."

Hy verduidelik dat 'n baaltoedraaier boere in staat stel om natter hooi te baal, wat help om kuilvoerhooi te verseker met 'n hoër voedingswaarde. "Op die ou end voer jy minder hooi om dieselfde voedingsbehoefte te dek, wat dit nie net 'n praktiese nie, maar ook 'n ekonomiese oplossing maak," sê Gerhard.

## Wat sê die uitstallers?

Verskeie uitstallers het vanjaar aan die Ermelo Hooidag deelgeneem en hul produkte en dienste aan boere in die omgewing ten toon gestel. Die terugvoer van uitstallers oor hul betrokkenheid by die dag was oorwegend positief, met baie wat die waarde van direkte interaksie met boere beklemtoon het.

Adriaan Groenewald, verkoopsverteenwoordiger van MCM Toerusting, beskryf hul deelname as 'n besondere voorreg. "Dit is vir ons ongelooflik lekker om deel van die dag te wees. Een van ons eie kliënte, Gerhard Grobler, het ons genooi om betrokke te raak, en hy gebruik ook een van MCM se masjiene op sy plaas vir hooibedrywighede," vertel Adriaan. MCM bied 'n wye reeks toerusting aan, wat wissel van laaigrawe en TLB's tot verskeie ander konstruksietoepassings, wat ook 'n rol speel in plaasinfrastruktuur en instandhouding.

Gerhard de Clerk van Precision Analytix vertel dat hulle reeds vóór die 2026-Hooidag betrokke geraak het by die voorbereiding van die demonstrasieperseel.




**Gerhard de Clerk van Precision Analytix was een van die uitstallers op die dag en hy was ook voor die dag betrokke om die grondontledings van die perseel te doen en reg te kry.**

"Ons het saam met Gerhard op die plaas gewerk aan presisie-grondontledings om die stuk gras waar die demonstrasies plaasgevind het, reg te stel. Ons haal die menslike faktor uit grondontledings en doen alles met tegnologie, teen eweredige dieptes."

Hy verduidelik dat Precision Analytics 'n onafhanklike benadering volg. "Ons is toegewy om die boer te help en saam met hom die pad te stap. Ons verkoop geen kunsmis, kalk of ander produkte nie. Ons stel bloot 'n verslag op en help die boer om ingeligte besluite te neem."

Rand Agri was ook een van die uitstallers en beskryf hul betrokkenheid as besonders betekenisvol. Volgens GJ Swart is dit vir hulle 'n groot voorreg om deel van die Hooidag te wees. "Rand Agri is graanhandelaars, ons koop en verkoop graan en ons is baie betrokke by boere in hierdie omgewing. Ons koop gereeld graan van plaaslike produsente, en dit is net lekker om deel te wees van die dag, blootstelling te kry en met boere te kan gesels en netwerk."

Van JR Lubricants sê Malcolm dat die dag ook 'n geleentheid bied om iets terug te gee. "Ons het takke in Standerton en Heidelberg, en so 'n dag gee vir ons die geleentheid om terug te gee aan die gemeenskap en aan ons boere," sê hy.




**Gerhard en Ruan Grobler (twee neefs) van die Ermelo-distrik by hul tweede Ermelo Hooidag, aangebied op Gerhard se plaas.**




**Sny met spoed en presisie: Case IH en Rovic (Kuhn) demonstreer hul snyers aan boere.**





**Jupidex (Kverneland) en Massey Ferguson demonstreer hul krag-harke aan boere, en wys hoe lyk 'n perfekte windry.**

## Vooruitsigte

Uiteindelik het die Ermelo Hooidag weereens bewys dat dit veel meer is as net 'n demonstrasiedag. Dit is 'n ontmoetingsplek waar kennis, tegnologie en boere bymekaar kom en ook die geleentheid kry om ingeligte besluite te neem wat hul bedrywighede op lang termyn versterk.

Met die oog op die toekoms is die Ermelo Oos Boerevereniging reeds besig om vooruit te beplan. "Volgende jaar sal ons beslis weer hier wees, ons gaan nêrens heen nie. Hierdie Hooidag is 'n jaarlikse instelling," sê Gerhard.

"Ons het reeds aanduidings van nuwe borge en uitstallers wat deel wil wees van die dag. Ons hoop en glo die Ermelo Hooidag sal net van krag tot krag groei en elke jaar groter en beter raak. Dit is 'n absolute leer-dag waar boere kan sien wat in die bedryf beskikbaar is, en watter hooimaaktoerusting by hul behoeftes en hul sak sal pas," sê Gerhard.

Met sterk ondersteuning vanuit die bedryf, groeiende belangstelling van uitstallers en 'n boerderygemeenskap wat bereid is om saam te leer en te groei, het die Ermelo Oos Boerevereniging 'n geleentheid gevestig wat duidelik 'n vaste plek in die Hoëveld se landboukalender inneem, een wat net van krag tot krag sal groei.







**Vanjaar was daar 15 meer uitstallers as in 2025, wat die Ermelo Hooidag 'n werklike eenstop-geleentheid vir boere in die omgewing maak.**




**Kragtig en doeltreffend: New Holland demonstreer hul Roll Belt 150-baler saam met die T6070-trekker, wat boere wys hoe moderne kombinasies vinnig en perfek ronde bale kan lewer.**




**Die Ermelo Oos Boerevereniging se lede ná afloop van 'n suksesvolle Hooidag.**

IRRIGATION UNLIMITED
SINCE 2003

# PRESSURE COMPENSATING
## *Dripline Irrigation*

Quality Pressure Compensating dripline at an affordable price, ideal for farmers looking to invest.

*Proudly manufactured in S.A.*

- Even flow across uneven slopes
- Durable, made to last





Afriq Water

*Proudly distributed by*

IRRIGATION UNLIMITED

**www.iunlimited.co.za**
Wholesale supplier and distributor of a wide range of irrigation products

**Tobie Van Den Heever** +27 82 658 6054
**Henko Cilliers** +27 71 303 8829

**FIND YOUR NEAREST DEALER**
**PTA** +27 12 736 2121 | **CPT** +27 21 946 1194

# Scania Southern Africa launches results-driven campaign to reaffirm market leadership

## and show the true impact of choosing price over performance

**Article supplied**




Scania Southern Africa has launched a new marketing campaign that is designed to challenge common assumptions about what affordability truly means. The campaign tackles a growing market perception that lower upfront prices automatically translate to better value. It addresses this misconception with transparent data, operational insight, and a clear focus on long-term business sustainability.

Central to the campaign is a simple message: The truck with the smallest upfront cost on the day of purchase is rarely the most cost-effective truck to operate. Fuel efficiency, reliability, uptime and lifecycle value determine whether a fleet grows or loses ground over time. Scania positions this campaign as a reminder that long-term thinking remains the most powerful competitive strategy in transport.



The campaign uses verified operating data to illustrate these points Independent comparisons
show the Scania Super achieving a 10% percent fuel efficiency advantage in Scania's favour, a margin that becomes financially significant across real-world distance profiles.

Operators in the freight and transport industry routinely cover distances of more than 10 000 km every month. At that scale, fuel becomes one of the most significant cost drivers in any operation. Even a marginal shift in consumption, whether positive or negative, can compound into a substantial financial impact over the course of a year, often amounting to thousands of rands. This is why a disciplined focus on fuel efficiency is not simply a technical consideration; it is a core business advantage.

"This campaign is about putting facts on the table," says Mark Erasmus, Sales and Marketing Director at Scania South Africa. "Affordability must be measured over time, through output, uptime and operating economy. Scania continues to demonstrate that disciplined engineering and long-term value create a real business advantage for our customers."

The campaign reinforces Scania's premium heritage in Southern Africa, while strengthening customer trust through consistent, fact-based storytelling. It is also designed to support sales teams and dealer networks by providing clear, data-backed talking points that help customers make informed decisions grounded in the total operating economy.

"This is not just a marketing exercise, it is a commitment to helping




operators build resilient and profitable businesses," adds Erasmus. "When customers understand the true cost of ownership, the path to sustainable growth becomes clearer. Scania is here to walk that road with them."

The campaign will be rolled out through digital platforms, targeted customer communications, dealer activations and field engagement touchpoints across the region.

For more information, visit **www.scania.com/za**


EFFICIENT GROUND PREP
FORIGO
Ready to fit you
EFFICIENT PLANTING
Ferrari GROWTECH
agricola italiana
PNEUMATIC PRECISION SEED DRILLS
EFFICIENT WEEDING
Ferrari GROWTECH
veg equipment innovators
REBELO
AGRICULTURAL GROUP
CONTACT US
011 613 7438
082 716 1664
072 525 9047
VISIT US AT
www.rebelo.co.za
@rebeloagri
@Rebelo Agricultural
PARTNERED WITH THOSE WHO FEED THE NATION!

# Your one-stop shop for fertilisers, irrigation and more

by Bianca Pretorius

In an age where modern farming increasingly relies on the combination of innovation and experience, Rebelo Agricultural Group stands out as a trusted partner to South Africa's farmers. Founded by Jose Rebelo, whose agricultural journey spans over 35 years, the company's story is grounded in both technical expertise and a lived understanding of the farmer's world.

Rebelo Agricultural Group operates through three specialised divisions: RAP (Packaging and Consumables), RAM (Machinery), and RPS (Parts & Services). Each division is backed by a team of trained, trusted professionals, many of whom have been with Rebelo since the company's inception. At the heart of the business is a commitment to delivering a level of service that goes beyond expectations.

Rebelo's approach is built on true partnership, walking alongside farmers at every stage, offering support wherever it is needed. As Jose Rebelo puts it: "We are partnered with those who feed the nation!"

## Fertilisers and chemicals

At the core of any productive farm lies healthy soil. Through Rebelo Agricultural Products (RAP), the company stocks and distributes an extensive range of fertilisers and agricultural chemicals tailored to the needs of South African farmers. Whether it's organic or synthetic fertilisers for soil nourishment, herbicides and insecticides for pest control, or fungicides to protect against disease, their product offering is focused on boosting soil fertility and plant vitality.

## Irrigation and consumables

Through Rebelo's Parts & Services division (RPS), the company supplies a wide selection of irrigation parts and accessories that help farmers build and maintain efficient irrigation systems. These include nylon and brass fittings, quick couplings, valves, drip lines and associated fittings, all designed to support reliable, water-efficient irrigation infrastructure on your farm.

Rebelo's extensive range of irrigation solutions ensures farmers have access to quality parts that minimise system downtime and enhance delivery precision, whether in high-value vegetable tunnels or dryland.

Moreover, Rebelo's consumables



offering extends beyond irrigation to the broader farm operation. High-quality lubricants, greases and maintenance products help ensure machinery runs smoothly during the long days of planting or harvesting. The Parts & Services division stocks these essential items alongside irrigation products, presenting farmers with a one-stop shop for many of their operational needs.

## Seeds and planting support

Rebelo also offers a range of vegetable seeds from various seed companies and, in addition to that, they offer farmers precision planting and seeding solutions through their wider group offering, particularly within the Agricultural Machinery division (RAM). Here, international partners such as Agricola Italiana and Stanhay bring advanced seed drills and planters into the South African market.

These precision seed drills and planters are vital tools on farms of all sizes. By ensuring accurate depth, consistent spacing and uniform seed placement, they give farmers a strong start to the season, laying the foundation for uniform emergence and improved yield potential.

## Supporting the farmer from soil to shelf

Rebelo's strength lies not only in the range of products they offer but also in the relationships they build with farmers across the country. Whether it's packaging solutions that protect produce from field to market, or consumables that sustain farm operations throughout the year, Rebelo remains agile and responsive to the agricultural calendar.

In an industry shaped by seasons, production cycles and environmental uncertainty, Rebelo provides a steady and dependable presence. From the stockman seeking advice on the right fertiliser blend, to the vegetable grower preparing irrigation systems ahead of summer, and the mechanisation partner ensuring planters are ready when the first rains arrive, Rebelo remains closely involved at every stage.

Across all these touchpoints, one principle remains unchanged: Rebelo works alongside farmers, offering practical products and trusted guidance that help transform challenges into sustainable opportunities.



For more information about Rebelo's product offering and how they can support your farming operation, send an email to **info@rebelo.co.za** or contact them on **011-613-7438**.

PIONEER®

100 JAAR


# GOEIE GOED BEGIN MET EEN.

## EEN PERSOON. EEN SAK SAAD. EEN LAND. EEN OES.

Vir die laaste 100 jaar was dit ons missie om opbrengste te verhoog, plaagweerstand te verbeter en welvaart te verseker. Ons streef daarna om vir nog 100 jaar op die kruin van die tegnologie-golf te bly en altyd bewus te bly van ons herkoms.Terwyl ons oë op die toekoms gerig is, koester ons altyd ons eeu van nalatenskap in ons harte.

**WANT 100 JAAR BEGIN MET EEN.**




CORTEVA™ agriscience

™ ® SM Handelsmerke en diensmerke van Corteva Agriscience en sy geaffilieerde maatskappye en geregistreerde lisensiehouers. © 2025 Corteva

# Pioneer stel nuwe wit droëlandkultivar bekend

**deur Johan Kock, produk-landboukundige by Pioneer**

Prestasie en die strewe na voortdurende verbetering is deel van die mens se natuur. Jaarliks word atletiek- en swemrekords verbeter. Die Springbokke is twee keer agtereenvolgend as die wêreldkampioene aangewys, en Suid-Afrika swaai ook tans die septer as die wêreldkrieketkampioene in vyfdagtoernooie.

Ook op die gebied van wetenskap en tegnologie streef die mensdom voortdurend na vordering en innovasie, wat soms die vraag laat ontstaan: "Waar moet ons die streep trek? Waar eindig dit alles?"

Dit is hier waar Pioneer – met visie, innovasie, samewerking en etiek – nie net die eindstreep in sig het nie, maar volgehoue, doelgerigte genetiese ontwikkeling nastreef ter wille van voedselsekerheid – 'n dryfkrag wat die lewensgehalte van produsente, verbruikers en die ganse mensdom verbeter.

Teen hierdie agtergrond wil ek graag 'n nuwe wit droëlandkultivar bekendstel. P28022WPW is 'n produk wat aan langtermyndoelwitte voldoen wat betref volhoubaarheid, aanpasbaarheid, top-opbrengste en finansiële sukses.

Kultivarkeuse is 'n belangrike besluit wat berus op verskeie kultivareienskappe, waaronder:

- opbrengspotensiaal
- meerkoppigheid
- produktiewe spruite
- staanvermoë
- kophoogte en
- siekteverdraagsaamheid.

Aanpasbaarheid by wisselvallige temperatuur- en reënvaltoestande is van groot belang. Uitermatige grondverskille en selfs populasie-aanbevelings is noodsaaklike oorwegings wanneer 'n nuwe genetiese platform op die proef gestel word.

Meerjarige evaluasie van P28022WPW toon dat dié nuwe genetiese platform wel aan hierdie vereistes voldoen. Pioneer is opgewonde dat die produk, toegerus met PowerCore™-tegnologie, by die Pioneer West-witkultivarpakket gevoeg word. PowerCore™ tegnologie bied beskerming teen mieliestronkboorders en is ook geskik vir gebruik in 'n stelsel waar Roundup aangewend word.


## Stof kompetisie uit

Die meerjarige data in die westelike produksiegebied toon dat P28022WPW 'n nuwe produk is wat die opbrengsplafon verskuif. Dit oortref P2565WPW met 'n gemiddelde van 438 kg/ha oor 32 lokaliteite. P28022WPW oortref P2885WPW oortuigend met 898 kg/ha oor 52 lokaliteite. Hierdie prestasie is 'n bewys van die goeie genetiese vordering wat met die teelprogram vir wit kultivars in die westelike produksiegebied bereik is.

Die mate waarin P28022WPW gedugte mededingende kultivars uitstof, onderstreep hierdie feit. P28022WPW oortref Opposisie A en B onderskeidelik met 229 kg/ha (37 lokaliteite) sowel as 287 kg/ha (38 lokaliteite). Om topverkoperprodukte C en D te oortref met onderskeidelik 871 kg/ha (56 lokaliteite) en 446 kg/ha (55 lokaliteite) is merkwaardig. Uitstekende graangehalte en goeie staanvermoë is eienskappe wat P28022WPW van ander wit droëlandkultivars onderskei.

P2565WPW, P2885WPW en P28022WPW is dus drie Pioneer-wit-kultivars wat as stalmaats in die westelike produksiegebied aangewend kan word. Dit verseker aanpasbaarheid, stabiliteit en risikoverspreiding in 'n pakket – wat noodsaaklik is in 'n reeds onvoorspelbare klimaatomgewing en wat

**Figuur 1:** P28022WPW gelykgestel aan nul in terme van kg/ha-verskil relatief tot ander kultivars.




**Die swart lyn in Figuur 1 hierbo verteenwoordig P28022WPW, gelykgestel aan nul in terme van kg/ha-verskil relatief tot ander kultivars.**

| Eienskap | Gradering |
| --- | --- |
| Meerkoppigheid | 1,72 |
| Saailinggroeikrag | S |
| Staanvermoë | S |
| Plantlengte (meter) | 2,14 |
| Kophoogte (meter) | 1,09 |
| Plant-/kopverhouding (%) | 51% |
| Produktiewe spruite (%- | 5% |
| Hektoliter-massa (kg/hl) | 75 |

gemoedsrus aan die produsent bied. Die meerkoppigheidsindeks is 1,72. Die koppe is naastenby ewe groot en ontwikkel relatief gelyk. P28022WPW is 'n mielie wat nie regtig spruit nie, maar eerder genetika met 'n sterk uitdrukking van meerkoppigheid wat hoofsaaklik op die hoofstam gedra word.

Vroeë saailinggroei is sterk en vinnig. Die gevolg is 'n uniforme opkoms van saailinge wat die beste aanslag vir opbrengs as fondament verskaf.

Plante is sowat 2,1 m lank, met koppe wat ongeveer 51% van die plantlengte gedra word. Met koppe wat op 1,09 m gedra word, is hierdie produk maklik stroopbaar.

Plantpopulasies van 25 000 tot 32 000 plante per hektaar, afhangend van die produksiepotensiaal en toestande, is geskikte aanbevelings. Die genetika presteer goed op alle grondtipes. Enige ry-konfigurasie (0,9, 1,5 en 0,76 m) is aanvaarbaar.

Dus is P28022WPW 'n kultivar wat antwoorde bied om risiko te beperk. Dit lewer uitstekende mededinging wat betref opbrengs en veral die stabiliteit, aanpasbaarheid en kompensasievermoë van dié genetiese platform maak dit 'n gunstige aanbeveling.

Gesien teen die agtergrond van uitstekende agronomiese eienskappe, behoort P28022WPW deel te vorm van enige witmielie-kultivarpakket wat in die westelike produksiegebied vir droëlandverbouing gebruik word.

Vir meer inligting of navrae kan boere Pioneer kontak deur 'n e-pos te stuur na **info.rsa@pioneer.com**, of besoek hul webwerf by **www.pioneer.com/za**.

# **Weidingsbestuur deel 1:** Veldtoestande en drakrag

**deur Tisha Steyn**

Jy boer nie met beeste of wild nie, maar met gras. Dis ook nie heeltemal waar nie, want eintlik boer jy met grond!

Dit is die benadering van De Villiers (Shobie) Arnoldi, 'n veld-ekoloog van Ermelo wat op sy Facebook-blad, Topveld, raad gee oor weidingsbestuur.

"As bees- of wildboer boer jy eintlik met soorte gras," vertel Shobie, wat landwyd konsultasie doen vir boere wat hul veld wil optimaliseer.

Natuurlike veld in Suid-Afrika word gedefinieer as soetveld, suurveld en gemengde veld. Die onderskeiding is gebaseer op die smaaklikheid en voedingswaarde van die gras gedurende die dormante seisoen wanneer die gras nie groei nie. Die voedingswaarde verwys na die voedingstowwe in die plante in verskillende stadiums, terwyl die smaaklikheid berus op hoe graag vee en wild dit vreet. Die tipes veld word bepaal deur die reënval en -seisoen, gemiddelde temperature, hoogte bo seespieël en die tipe grond.

Soetveld kom voor in laagliggende dele van die land met laer reënval-syfers van tussen 250 en 500 mm per jaar en waar die winter matig en rypvry is. Vanweë die laer reënval was die voedingstowwe in die grond nie so maklik uit nie, die grond bly gesond en die voedingstowwe word in die blare gestoor eerder as in die wortels. Dit beteken die gras bly selfs in die winter smaaklik en ryk aan voedingstowwe.



Shobie Arnoldi is 'n veld-ekoloog wat in volgende uitgawes van ProAgri Media praktiese wenke gaan gee oor hoe om veld ekologies korrek te bestuur.

Weens hierdie faktore gebeur dit maklik dat die veld oorbewei word, maar met goeie bestuur kan die veld optimaal benut word sonder dat dit skade ly.



As 'n kamp korrek bestuur word, is die grassamestelling ook reg en die basale bedekking goed, wat sal verseker dat die veld lei tot beter produksievermoë wat vir die boer finansiële voordele inhou. (Bron: Topveld, Facebook)

Suurveld kom algemeen voor op hoër vlakke bo seespieël in kouer gebiede waar die reënval tot 625 mm per jaar is. Weens die hoër reënval loop voedingstowwe uit die grond, wat daartoe lei dat die grond se pH verhoog en grondvrugbaarheid afneem.

Gedurende die groeiseisoen is die jong plante smaaklik en redelik ryk aan voedingstowwe, maar wanneer die plant volwassenheid bereik, neem die voedsaamheid af. Dit gebeur gewoonlik in die winter omdat die plante aangepas is by die koue en ryp wat daartoe lei dat die voedingstowwe in die wortels gestoor word. Suurveld kan ook oorbewei word, maar indien dit gebeur, lei dit tot laer produksie.

Gemengde veld kom in oorgangsgebiede tussen soet- en suurveld voor waar toestande meer gemiddeld is. Gemengde veld wat oorwegend soet is, groei waar die grond se suurgehalte (pH) laer is en verskaf weiding vir tussen nege en 11 maande van die jaar.

Waar gemengde veld oorwegend suur is, is die grond se suurgehalte hoër en die veld verskaf weiding vir tussen ses en agt maande van die jaar.

Gemengde veld is minder vatbaar vir oorbeweiding omdat dit stadiger groei ná reëns en langer neem om volwassenheid te bereik.

Volhoubare bestuur van natuurlike veld en optimale vee- of wildproduksie per hektaar word grotendeels bepaal deur die tipe veld op die plaas. Boere moet die aantal vee of wild aanpas by die tipe veld.

Wanbestuur lei tot hoër produksie- en insetkoste terwyl die vrugbaarheid, kalfpersentasie en aanwas laer is.

Die doel is om die veld só te bestuur dat 'n volhoubare weidingstelsel geskep word wat die diere toelaat om volle produksiepotensiaal te bereik sonder dat die ekosisteem daaronder lei.

Oorbeweiding en deur kampe nie af te wissel nie, kan daartoe lei dat die veld vertrap word, die grond kompakteer en gronderosie voorkom wat die gehalte en hoeveelheid van die gras in die volgende seisoen ernstig kan benadeel.

"Dit is baie belangrik om te weet watter grasspesies op jou plaas voorkom en watter gras 'n spesifieke kamp domineer," sê Shobie. "Die toestand van die gras gee vir jou 'n aanduiding of jou veld reg bestuur word en of dit dalk oor- of onderbewei is. Die verskillende grasspesies se voeding- en weidingswaarde en die manier hoe die gras op jou bestuursplanne reageer, wys vir jou wat op jou veld aangaan."

## Toenemers en afnemers

Die benaming verwys na grasspesies wat verskillend reageer op oor- en onderbeweide veld.

- 'n Afnemer is 'n dominante spesie op goeie veld wat afneem wanneer veld wanbestuur word.
- 'n Toenemer I is 'n spesie wat dominant is op 'n swak veld, maar toeneem wanneer die veld onderbenut word of weidingsbestuur toegepas word.
- 'n Toenemer IIa is 'n spesie wat toeneem tydens ligte oorbeweiding.
- 'n Toenemer IIb is 'n spesie wat toeneem tydens matige oorbeweiding.
- 'n Toenemer IIc is 'n spesie wat toeneem tydens swaar oorbeweiding.

'n Kamp wat te veel rus, skep toestande wat daartoe lei dat sekere grasspesies toeneem (Toenemer 1). As die teenoorgestelde waar is en die veld oorbewei word, te dikwels en op die verkeerde tyd brand en weens droogte ly, word die veld oorbenut, wat daartoe lei dat ander grasspesies, genaamd Toenemer 2, dominant raak.

Nie een van die twee groepe graspesies is baie smaaklik of ryk aan voedingstowwe nie, en gevolglik neem die weidingspotensiaal van die veld af.

As daar 'n goeie balans tussen harde beweiding (nie oorbeweiding nie) en rus is, verbeter die toestande vir produktiewe, smaakliker gras om te floreer. Dié grasse staan bekend as Afnemer-spesies met goeie blaarontwikkling en hoë voedingswaarde.

As 'n kamp dus korrek bestuur word, is die grassamestelling ook korrek en die basale bedekking goed – wat sal verseker dat die veld tot beter produksievermoë van vee of wild lei, wat vir die boer finansiële voordele inhou.

## Drakrag

Die sleutel is om die aantal vee wat die veld bewei in lyn te hou met die plantproduksie van die veld. Dit help nie die veegetalle is te hoog vir die plantproduksie waartoe die veld in staat is nie.

Drakrag of weidingskapasiteit word beskryf as die produktiwiteit van plantegroei om 'n aantal diere te onderhou sonder dat die plantegroei en die toestand van die grond agteruit gaan. Agteruitgang van die veld dui op die verlies aan lewenskrag en produksievermoë van die veld, verlies aan grondvrugbaarheid en stabiliteit, ontbloting en erosie.

Drakrag moet op lang termyn gebaseer wees en na aanleiding van reënval en veldtoestande aangepas word.



**'n Veeboer boer nie met vee of gras nie, maar met grond, want gras en ander plante wat in 'n kamp voorkom, is 'n direkte uitvloeisel van die grondgesondheid. (Bron: Topveld, Facebook)**

## Reeksinhoud

Shobie gaan oor die volgende maande raad en praktiese wenke gee oor hoe om veld ekologies korrek te bestuur. Jy kan onder meer uitsien na die volgende:

**Die beginsels van veldbestuur**
- Waarom is veldbestuur belangrik
- Op watter beginsels berus dit
- Toenemers en afnemers

**Drakrag**
- Hoe word drakrag bepaal
- Hoekom is dit belangrik
- Wat is die korrekte drakrag vir verskillende veldtipes

**Oor- en onderbeweiding**
- Definisie
- Faktore wat bydra daartoe
- Tekens van oor- of onderbeweiding
- Wat gebeur met die veld as dit oorbewei of onderbewei word
- Wat gebeur met jou vee/wild as die veld oorbewei is
- Hoe raak dit jou bankbalans
- Hoe kan oorbeweiding reggestel word


**Korrekte bestuur**
- Beginsels van korrekte bestuur
- Tekens van korrekte bestuur

**Kontak Shobie Arnoldi by 082-801-4114 of besoek sy Facebook-blad by https://www.facebook.com/veldmanagement**

**Bronverwysings**

*Veldtoestand en drakrag*
*Universiteit van Pretoria*
https://repository.up.ac.za/server/api/core/bitstreams/7686aef1-5062-4708-9155-ee0a184388f0/content

Bartman, S. (2023) *Veld Types of South Africa* MyFarm Volume 7
https://farmspace.co.za/articles/veld-types-of-south-africa/


Dry ICE 4 FARMING
Vriesbrandmerk
Omdat jy omgee, gebruik die Vriesbrandmerk metode.
D T 43 20
03 23
CCR
CCR
C 22 803
C 23 834
WWW.DRYICE.CO.ZA
Dry ICE INTERNATIONAL
083 375 6627
Vriesbrandmerk is 'n hoogs effektiewe, minimaal indringende metode om jou beeste permanent te brandmerk.
Dit laat geen skade aan die vel nie, wat huidverwante vermorsing en finansiële verliese tot die minimum beperk.
SKAKEL ONS OP 078 164 1712
OF BESOEK ONS WEBWERF BY
www.dryice.co.za

# Eetbare blomme *deel 1*

**deur Tisha Steyn**

Klein plastiekbakkies versteek tussen soortgelyke bakkies vars roosmaryn, tiemie en kruisement op die rakke met slaaigroente in die supermark saam met verskillende soorte blaarslaai, grasuie, tamaties, komkommer ...

By nadere ondersoek sien 'n mens dié bakkie is vol blommetjies: pers gesiggies, oranje kappertjies, klein pienk angeliertjies, dalk 'n goudgeel perdeblom *(dandelion)* en beslis 'n takkie laventel.

Nou waarvoor sou die blommetjies wees, wonder 'n mens skepties. Slaai, want dit is tussen die ander slaaigroente?

'n Bietjie navorsing op Google werp lig op die klein skatkis van kleur en geur. Baie meer blomme as wat jy dink is eetbaar, en die maniere waarop jy blomme in kos en drankies kan gebruik, is volop.

In hierdie reeks oor eetbare blomme vertel ons meer oor die groot verskeidenheid eetbare blomme wat jy in jou tuin tussen die groente kan kweek en in jou kombuis kan gebruik om jou gekookte maaltye, slaaie, nageregte en drankies mee op te vrolik.

## Nie net mooi nie, ook goed vir jou tuin

Maar voor ons by blomme in jou eet- en drinkgoed kom, is dit belangrik om te weet watter nut blomme in jou tuin het.




**Eetbare blomme kan heerlike kleur en geur aan jou alledaagse geregte gee. (Bron: Tisha Steyn)**



**Dit is beter om blomme wat kommersieel vir die mark gekweek word uit jou kospotte te hou. (Bron: Tisha Steyn)**

**Blomme in jou tuin hou verskeie voordele in:**

- Blomme lok insekte vir bestuiwing wat 'n goeie groente- en vrugte-oes verseker. Sonder behoorlike bestuiwing deur onder meer bye sal jou vrugte en groente nie behoorlik vorm nie.
- Blomme soos stink-afrikanertjies met hul helder kleur en skerp geur lok skadelike insekte weg van jou ander kos- en blomplante. Dieselfde geld vir ander metgesel-plante, soos basiliekruid wat tamaties beter laat groei.
- Blomme lok ook insekte wat skadelike insekte in toom hou deur hulle op te vreet. Dink maar aan liewenheersbesies wat op plantluise teer.
- Plante soos pronkertjies, lid van die boontjiefamilie, plaas stikstof terug in die grond wat jou plante beter laat groei.




**Klein bakkies vars blomme wat jou kookkuns kan opkikker is te vinde tussen die slaaigroente in supermarkte. (Bron: Tisha Steyn)**

## Wat is eetbaar, wat nie?

Enige nie-giftige blomme is eetbaar. Dit sluit die blomme van groenteplante, vrugtebome en kruie in, asook sommige blomme wat vir vertoon geplant is, soos rose en angeliere.

Blomme met sterk geure kan in soet- en soutgeregte gebruik word; blomme met 'n meer subtiele geur maak poedings nog lekkerder, en helderkleurige blomme kikker 'n gewone slaai in 'n kits op. Dink hoe elegant lyk fyn, versuikerde viooltjies op 'n versierde koek, en klein pienk angeliertjies in 'n ysblokkie gevries in 'n glas rosé.

Dit is ook nie net die blomme wat eetbaar is nie – talle plante kan letterlik met wortel en tak, blomme, blare, die lot – geëet word. Kappertjies



Rose kan op verskeie maniere in kos gebruik word. (Bron: Tisha Steyn)



Tjienkerientjee is 'n pragtige fynbosblommetjie, maar glad nie eetbaar nie. (Bron: https://www.sa-venues.com/plant-life/ornithogalum.php)

*(nasturtiums)* is so 'n plant waarvan jy die fraai blommetjies, blare en groen sade kan eet.

## Waar kry jy eetbare blomme?

As jy eers op die uitkyk is vir eetbare blomme kom jy agter hulle is oral, jy het dit net nie voorheen geweet nie.

Let 'n bietjie op na daai plastiekbakkie met gekleurde blommetjies tussen die slaaigroente op die winkelrakke. Maar bly liefs weg van die bosse blomme wat vir die mooi verkoop word, want dit kon dalk insekdoder geverg het om sulke perfekte, prentjiemooi blomme te kweek.

Die beste is om jou eie blommende plante te kweek, dan weet jy presies wat jy eet. Of dalk kan jy by 'n groep gelei deur 'n kundige persoon in die veld gaan blomme pluk – maar bly altyd weg van blomme wat jy nie ken nie, wanneer jy nie seker is of hulle giftig is of nie of nie weet waar hulle vandaan kom nie.

Maak seker jy gebruik nie self onkruiddoders in jou tuinplante waarvan jy die blomme wil eet nie; 'n skadelose organiese spuitmiddel van 'n bietjie asyn en water en 'n druppel skottelgoedseep hou goggas weg. Was net die blomme deeglik voordat jy daaraan begin peusel.

**Dink voordat jy blomme eet**

- Gebruik blomme spaarsamig in kos – veral mense wat geneig is om allergieë te kry, kan dalk 'n hewige reaksie ontwikkel as hulle die verkeerde blomme inkry.
- Ruik eers aan die blom en vat net 'n paar happies voordat jy die hele blom verslind.
- As jy swanger is of onder behandeling medisyne gebruik, is dit beter om eers met jou mediese dokter te bevestig of jy die blomme kan eet.
- Bly weg van blomme wat kommersieel verbou word en wat met insek- en onkruiddoder behandel is – baie van die middels is organies en is dus binne-in die blomblare, jy kan dit nie afwas nie. Dit sluit blomme in wat jy by 'n bloemiste of by 'n supermark koop.
- Moenie veldblomme eet as jy hulle nie behoorlik kan identifiseer nie – dit kan dodelik giftig wees. Die fraai fynbosplant tjienkerientjee *(Ornithogalum thyrsoides)*, wat glo in die behandeling van diabetes gebruik word, se ander Afrikaanse naam is perdedood – wat al klaar 'n aanduiding is van groot gif wat perde en beeste wat dit vreet, laat vrek. Bly weg, al lyk die wit blommetjies langs die paaie in die Weskus hoe verleidelik. Los dit



Laventel is maar een van die eetbare kruieblomme wat elegansie aan 'n gereg, gebak of drankies kan verleen. (Bron: https://cookingchew.com/recipes-with-lavender-extract.html)



Die hele kappertjieplant kan geëet word en die blomme, blare en groen sade verleen 'n heerlike smaak aan geregte. (Bron: https://naturebring.com/grow-edible-nasturtium-plant-growing-nasturtium-plant-containers/)



Selonsrose is pragtig, maar uiters giftig en behoort glad nie in tuine geplant te word nie. (Bron: https://www.hgtv.com/outdoors/flowers-and-plants/trees-and-shrubs/oleander-is-a-dangerous-beauty)

liewer in die ruiker in 'n blompot waar dit tot 14 dae lank vars bly.

- En al ken jy 'n plant, soos die onkruid perdeblom, is dit beter om die blomme nie te oes waar hulle langs 'n pad of sypaadjie groei waar hulle deur die paaie-afdeling of munisipaliteit met groot gif beheer word nie. Onthou, meer gif, minder skoffel ...
- Gebruik ook slegs blomme wat jy weet eetbaar is – gebruik die wetenskaplike naam wanneer jy plante of saad koop, algemene name kan misleidend wees, want verskillende blomme het dieselfde naam in die volksmond.

## Nie-eetbare blomme

Blomme wat beslis nie eetbaar is nie, sluit pronkertjies, krismisrose, selonsroos *(Nerium oleander)*, rododendrons, vingerhoedblom en delfiniums in. Daar is ook baie ander, maar vir nou moet jy wegbly van hierdie soorte. Ek weet van 'n man wat selonsroostakke en -blare opgekap het en dodelik siek geraak het van die walms wat die plant afgegee het. En dan plant mense dit nog in hul tuine!



**Perdeblom *(dandelion)* word gewoonlik as 'n lastige onkruid beskou, maar is 'n voedsame, helder toevoeging tot kos. (Bron: https://homesteadingfamily.com/dandelion-uses-for-the-homestead/)**

## Was die blomme

Was die blomme saggies maar deeglik om van enige stof of ander vuilheid of klein insekte ontslae te raak. Die beste is om dit in koue water te dompel en dit dan op 'n skoon vadoek of papiervadoeke droog te laat word.

Bêre die skoon blomme in 'n enkellaag op 'n klam papiervadoek in 'n plat houer met 'n deksel wat dig sluit in die yskas en moenie vergeet daarvan nie!

Nie alle eetbare blomme is noodwendig lekker nie – ek kan my nie indink hoe ek aan 'n stink-afrikanertjie gaan smul nie, gee my eerder 'n mooi gesiggie of 'n fraai floksie ...

## Watter blomme is eetbaar?

Hier is 'n kort lysie van eetbare blomme, daar is nog baie ander.

- Rose, angeliere, hibiskusse, viooltjies, laventel en kappertjies is algemeen beskikbaar.
- Lila, magnolias, kanferfoelie, vlierblomme *(elderflower)*, pampoenblomme en perdeblomme is seisoenaal.
- Kamille, grasuie, koljander, basiliekruid, dille, vinkel en ment is almal eetbare kruie.

Kom ontdek saam met ons die wonderwêreld van eetbare blomme. Jy kan jou maar gereed maak vir 'n klomp verrassings wat jou met nuwe oë na jou blom- en groentetuin sal laat kyk.

**Bronnelys**

Everything you need to know about edible flowers (2025) Betty Crocker Kitchens https://www.bettycrocker.com/how-to/ingredients-and-preparation/everything-you-need-to-know-about-edible-flowers

Blomme om te eet: ontdek 6 eetbare variëteite om jou tuin te verfraai en jou smaakknoppies te verlustig (2025) https://www.les-bonnes-astuces.com/af/2025/03/24/blomme-om-te-eet-ontdek-6-eetbare-varieteite-om-jou-tuin-te-verfraai-en-jou-smaakknoppies-te-verlustig/

Eetbare blomme en hoe om dit te gebruik (2019) https://www.rooirose.co.za/eetbare-blomme-en-hoe-om-dit-te-gebruik/

Kruger, E. (2021) Is dandelions onkruid, veldblomme of kruie? https://lettersfromemsia.com/af/dandelions-onkruid-of-kruie/

Ly, L. (2025) A Huge List of My Favorite Edible Flowers and What They Taste Like https://gardenbetty.com/edible-flowers/

McAnnally Scott, M.C. (2025) 10 Edible Flowers Almost Too Pretty To Eat https://www.southernliving.com/food/entertaining/edible-flowers

*Ornithogalum thyrsoides* https://www.sa-venues.com/plant-life/ornithogalum.php

# Pasop vir dié slange

**deur Benine Ackermann**



In die snikkende hitte kom talle insekte en reptiele na vore op plase – wat ook soms 'n groot bedreiging vir mense kan inhou. Slange is een van die gevaarlikste spesies ter wêreld en jy sal hulle beslis een of ander tyd in jou lewe teëkom. Hulle is egter nie net gevaarlik nie, hulle speel ook 'n waardevolle rol omdat hulle knaagdiere en plae in toom hou.

Volgens die Noordwes-Universiteit (NWU) in Potchefstroom, is slange 'n belangrike deel van die land se biodiversiteit, en met meer as 3 000 spesies in Suid-Afrika, speel hulle 'n belangrike rol in die handhawing van die natuur se ekologiese balans. Hul gif word ook in mediese navorsing gebruik om nuwe middels en behandelings vir verskeie siektes te ontwikkel.

Talle wanpersepsies oor slange heers steeds. Een van die mites is dat slange mense jaag. Dit is egter nie die geval nie, aangesien hulle mense hoofsaaklik byt uit selfverdediging of as hulle bedreig voel.

Slange kom meestal in die somermaande (van ongeveer November tot April/Mei) voor. Hulle maak gewoonlik vroegogged of laat saans hul verskyning, want hulle soek kos of skuiling kort ná sonop en sononder.



Swart mamba.

## Probeer dié gevaarlike slange vermy

**Swart mamba**

Hierdie spesie is een van Suid-Afrika se gevaarlikste slange. Hul neurotoksiese gif versprei vinnig in die bloedstroom en meeste sterftes kom voor omdat slagoffers nie gou genoeg toegang tot 'n teenmiddel het nie. Dié slange kan ook aggressief optree wanneer hulle bedreig voel.

**Kaapse kobra**

Dié slange word soms tussen lang gras aangetref, langs waterbronne en naby strukture. Wees dus ten alle tye bewus van jou omgewing sodat hulle jou nie byt nie. Hul gif kan ernstige neurologiese en weefselskade aanrig.

**Mosambiekse spoegkobra**

Hierdie slange kan hul gif oor 'n afstand van tot 3 m spoeg, wat ernstige oogbeserings kan veroorsaak. In sommige gevalle, verloor slagoffers selfs hul sig.



Kaapse kobra.



’n Pofadder is soms moeilik om te sien, aangesien hulle uitstekende kamoefleerders is.

**Pofadder**
Die slang kan hom baie goed kamoefleer in gras en in die veld en byt dikwels as mense per ongeluk op hom trap. Hul gif veroorsaak vinnig ernstige weefselskade.

## Maak seker hulle is nie-giftig.

Daar is ook baie skadelose slange wat op plase voorkom. Hierdie spesies, waaronder mol- en bosluisslange, hou geen bedreiging vir mens of dier nie. ’n Mens moet egter deeglik seker maak watter soort slange hulle is voordat jy hulle op ’n menslike manier van jou perseel wil verwyder – en weer in die veld loslaat.

## Wees veilig!

Dit is belangrik dat boere versigtig in lang gras of tussen hoë plante rondbeweeg en altyd kyk waar hulle trap. Slangslepe kan maklik raakgesien word. Boere kan ook beskermde klere dra en hul plase netjies hou deur alle skuilplekke en onkruid skoon te hou waarin slange kan wegkruip.

Probeer ook om ’n ontsmettingsmiddel soos Jeyes Fluid om jou huis en in jou erf te gooi – slange hou nie van die reuk nie en dit kan help om hulle weg te hou.

Indien jy wel deur ’n slang gebyt word, is dit belangrik om dadelik mediese hulp te kry omdat hul gif maklik tot die dood kan lei.

Die Nasionale Gesondheidslaboratoriumdiens in Bloemfontein het in September verlede jaar bevestig dat die produksie vir teengif in Suid-Afrika weer suksesvol hervat is. Dit nadat daar vroeër in die jaar amper geen meer teengif beskikbaar was nie wat groot kommer veroorsaak het.

**Bronne:**

Bantham, B. 2023. NWU help met bewusmaking oor die belangrikheid van slange. https://news.nwu.ac.za/af/nwu-help-met-bewusmaking-oor-die-belangrikheid-van-slange

Maroela Media. 2025. SA hervat produksie van teengif teen slangbyt. https://maroelamedia.co.za/nuus/sa-nuus/sa-hervat-produksie-van-teengif-teen-slangbyt/




SHEEP & CATTLE
BALE RINGS
SALE
STPP
STEEL TUBE & PIPE PROFILES
SHEEP BALE RING
R1 000 excl vat
CATTLE BALE RING
R1 900 excl vat
2mm material thickness
Valid from 2 Feb-15 March
WE DELIVER
NATIONWIDE!
Bloempark 2, Vanderbijlpark AH, Gauteng, 1911
www.steeltubeprofiles.co.za
+27 665 568 616 I +27 728 794 871 I +27 100 230 786
Email: sales@steeltubeprofiles.co.za


YOUR ONE-STOP CATTLE & SHEEP
HANDLING EQUIPMENT SUPPLIER
NATIONWIDE DELIVERY
VDW
FARMING AND ENGINEERING
We also supply a wide range of other
agricultural equipment.
Mobile crush &
neck clamps
Cattle neck clamps
Standard & mobile
loading ramps
Loading ramps &
panels
Enclosure panels
Gated enclosure
panels
Feeding troughs
Work stations
2 Way sorting gates
Support arches
Support arches
with gate
Weigh bars
Spray race
Branding irons
Bale rings
Scales
VDW
FARMING AND ENGINEERING
info@vdwengineering.co.za
www.vdwengineering.co.za
072 901 4033

MINING | INDUSTRY | MUNICIPAL | AGRICULTURE | FOOD AND BEVERAGE | FIRE FIGHTING

RAINBOW RESERVOIRS

Premium quality **Aluzinc steel** sectional tanks for bulk water storage throughout Africa



LISTED AND APPROVED SUPPLIER ASIB

South Africa

WISA Water Institute of Southern Africa

FIRE PROTECTION ASSOCIATION OF SOUTHERN AFRICA

www.rainbowtanks.co.za

sales@rainbowres.com | +27 (0)11 965 6016

Aftermarket Parts
25 Years Cummins Experience

Jumanje

Procurement Services
Power Parts

AGRICULTURE • AUTOMOTIVE • CONSTRUCTION • MINING • EARTHMOVING

SERVICE AND YOUR DOWNTIME IS OUR PRIORITY!

Distributor for Cummins / Komatsu / Case / Dongfeng / Faw / Perkins / Tata / JCB - Related aftermarket engine components

High quality aftermarket & replacement diesel parts

A wide range of 8pk Belts and Filters



Carradine Varkevisser
060 525 9943
carradine@jumanje.co.za

Office
011 976 1242 / sales@jumanje.co.za
Michael: 063 753 6466

Facebook & Instagram
@jumanje4u

42 MILLION
People reached via social media every month

29 AFRICAN
Number of Countries we actively target

3 MILLION
Average video views we generate every month

NOT THE MATCH YOU WERE LOOKING FOR?

WE GET TO KNOW YOUR BUSINESS SO THAT WE CAN OFFER YOU, YOUR PERFECT MATCH IN AGRICULTURAL PRODUCTS.



Agri4All provides a marketplace for farmers and suppliers to showcase and discover a wide range of agricultural products. Whether you're looking for seeds, equipment, or services, our platform connects you with trusted providers.

Agri4all

diane@proagri.co.za
082 555 6066
www.agri4all.com


www.faw.co.za
JH6 33.460 FT-AMT:
BUILT FOR AFRICA
Local assembly. Global engineering.
Designed to thrive on tough roads.
FAW
JH6
A PRODUCT OF FAW
900 L fuel capacity
(450 + 450)
62 200 kg GCM
Sleeper cab with
aircon + USB radio
FAW TRUCKS SOUTHERN AFRICA
Head office:
45 Brabazon Road, Isando,
Gauteng | marketing@faw.co.za
SCAN THE
QR CODE TO
CONTACT US